

Shofar Christian Church

# In Geloof

**Theo Potgieter**

# Heb 2:

5 Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld
waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; 6 maar
iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat
U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom
besoek? 7 U het hom ‘n weinig minder as die engele
gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en
hom oor die werke van u hande aangestel.

# Heb 2:

14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig
is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig
geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak
wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— 15 en
almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir
die dood aan slawerny onderworpe was. 17 Daarom
moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word,
sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon
wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om
die sondes van die volk te versoen.

# Heb 3:

Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,

# Heb 3:

6 maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis
as ons net die vrymoedigheid en die roem van die
hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou. 9 waar julle
vaders My versoek, My beproef het en my werke
veertig jaar lank gesien het. 10 Daarom het Ek
vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd
dwaal hulle met die hart. Maar húlle het my weë nie
leer ken nie,

# Heb 3:

14 Want ons het deelgenote van Christus geword, as
ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe
onwrikbaar vashou; 15 omdat daar gesê word: Vandag
as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die
verbittering nie.

# Heb 7:

15 En nog baie duideliker is dit as daar ‘n ander
priester opstaan na die ewebeeld van
Melgisédek, 16 een wat dit geword het nie kragtens
die wet van ‘n vleeslike gebod nie, maar uit die krag
van die onvernietigbare lewe. 17 Want Hy getuig: U is
priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

# Heb 9:

11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van
die toekomstige weldade, het deur die groter en
volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is
nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort
nie, 12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers
nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die
heiligdom en ‘n ewige verlossing teweeggebring.

# Heb 9:

24 Want Christus het nie ingegaan in ‘n heiligdom met
hande gemaak, ‘n teëbeeld van die ware nie, maar in
die hemel self om nou voor die aangesig van God vir
ons te verskyn;

# Heb 11:

1 Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat
ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.
6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te
behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is
en ‘n beloner is van die wat Hom soek.

# Heb 12:

28 Daarom, omdat ons ‘n onwankelbare koninkryk
ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God
welbehaaglik dien met eerbied en vrees. 29 Want onse
God is ‘n verterende vuur.

# Heb 8:

8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae,
spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die
huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal
bring, 9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle
vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die
hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie;
want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het
hulle veronagsaam, spreek die Here.

# Heb 8:

10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit
met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my
wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe;
en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n
volk wees. 11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste
en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want
almal sal My ken, klein en groot onder hulle. 12 Want
Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en
aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink
nie.